**2.15**
**HERUITREIKING VAN TJEKS WAT GESTOP IS**

**Bestek: Die beleid bevat die US se reëls ten opsigte van die heruitreiking van tjeks wat gestop is.**

**Beleid:**

ʼn Tjek mag nie binne 7 dae, nadat dit by die bank gestop is, heruitgereik word nie. Voordat ʼn tjek na die verloop van die 7 dae heruitgereik mag word, moet gekontroleer word dat die tjek nie intussen reeds gewissel is nie.

ʼn Vorm vir die stop van ʼn tjek is by die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur beskikbaar en moet deur die betrokke beampte by die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur geteken word. Voordat die tjek heruitgereik word moet beamptes weer met die betrokke beampte by die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur kontroleer dat die tjek nie intussen gewissel is nie en moet hul ter bevestiging teken.

Verdere besonderhede kan by die Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur verkry word by sunbank@sun.ac.za.

**Kontak afdeling:**
Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur